Ontmoet vir..

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Ismael

## Genesis 21:8-21

"Ek was my pa se eerste kind. Tog was ek nooit sy geliefde seun nie. Daardie "eer" was om die een of ander rede altyd vir Isak beskore.

Ek het geweet my pa het my lief, maar sy liefde vir Sara en Isak het baie sterker gebrand. DIe jaloesie in die huis het al hoe erger begin word - en Sara het my en my ma daaroor verwyt. Ons moes ons goed vat en die huishouding verlaat.

My pa het my verwerp, maar God het nie. Deur dit alles heen het die Here se seën op my gerus. Sy beloftes het ook vir my, die uitgeworpene, gegeld.

-Bybel 24/7

Bid saam as gesin.

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Deel wat hierdie verhaal al vir jou beteken het met hulle.

Wat kan jy vandag in hierdie verhaal leer oor God se karakter? Deel met mekaar.

God self het my groot en sterk gemaak. Ek het hom leer ken as die Here wat saammet jou swerf in tye van verwerping en jou teen alle menslike verwagtings in liefhet en seëen

Huiskerk
Quellerina Gemeente

Ontmoet vir...

# Ismael

*Wie was die moeder van Ismael?*

*Waar was Ismael se ma toe die Engel van die Here haar gekry het?*

*Waarom het Ismael se moeder hom Ismael genoem?*

*Hoe oud was Abraham toe Ismael gebore is?*

*Wat het God vir Abraham aangaande Ismael gesê?*

*Waarom is Ismael en sy moeder in die woestyn uitgestuur?*